Whatever happens, I do know that I am to continue to rest, to relax and to remember that He is God. I am to walk by faith and remember that I am not God, that I cannot fix situations. My responsibility is simply to trust and obey and to be what He wants me to be. I am to embrace truth and to live by it. I can't live by my emotions, by dwelling on my past, by focusing on my inadequacies, my weaknesses, my failures, or my impotence, and I can't trust in anything of my own flesh or strength. **I am not to fear whatever the future holds, for the future is God's.**

I am to live by every Word which proceeds out of the mouth of God, whether or not my reasoning or emotions agree. Truth, the truth of God's Word, is to be the plumb line by which I evaluate every situation, every decision, every response, every feeling.

Our Saviour is God, and He sits as the Son of Man at the Right Hand of God - above every power of the evil one, above every name in heaven and on Earth. He is God, your Saviour and your High

Priest, who lives to make intercession for you - you as an individual.

He loves you with an everlasting love. He will never leave you nor forsake you, even when you fail to be and to do what is less than perfect. He is absolutely committed to you and in His time and in His way, He is going to perfect, to complete everything which concerns you.

So... be still... and know... that He is God.

Jesus is coming... to reign on earth as King of kings, Lord of lords, and that's the rest of the story which the book of Revelation so vividly paints.

Ask Him now to reign in your life as King of kings, Lord of lords, as God, and rest, knowing that He will complete the rest of your story. And as Psalm 23 says, when you look back, you will see that goodness and mercy have followed you all the days of your life (Psalms 23:6). **Rest, my friend, rest in Him!**

Kay Arthur, Co-CEO, Precept Ministries International

Drome aan Skerwe...

Wanneer ons op 'n plek en tyd in ons lewe kom waar ons drome aan skerwe lê en ons gekonfronteer word met tye van verbysterende seer en wanhoop, ervaar ons tussen die seer en chaos bystand van kosbare vriende wat ons seer en pyn ligter maak.

Indien jy 'n lys moes maak van hierdie kosbare vriende, sou Jesus bo-aan jou lys gewees het? Of voel jy soms Hy het jou vergeet? Hy was nie daar toe jy Hom die nodigste gehad het nie?

Getsémane: Verlate in Sy pyn
Jesus was in die Tuin van Getsémane in Sy grootste nood en benoudheid, **alleen** en sonder Sy kosbaarste dissipels wat saam met Hom moes waak en bid!

Nadat Jesus drie maal gebid het, het Hy opgestaan uit hierdie siele-smart en pyn en die lydenspad begin stap met 'n vaste geloof en vertroue dat SY Vader se plan met SY lewe volmaak is en dat SY

Vader volkome in beheer is!

Ons stryd

Waarheen gaan ons wanneer stukkende drome en wanhoop ons wil oorweldig? Gaan jy na jou Tuin van Getsémane om daar in gebed met jou Vader te praat? Gestroop van alles, sonder woerde, net in gebrokenheid aan Jesus se voete?

Gebrokenheid en desperaatheid is NIE 'n lekker plek om te wees nie, maar dit is 'n goeie plek. Want dit is 'n plek waar al die ander stemme van die wêreld en van vriende stil word. Ook ons eie planne en ons eie stem - sodat ons daarby Sy voete, Sy Stem kan hoor!

Ons kan nie deur ons tranen sien nie en kan nie deur die geklop van ons pyn God se Stem en SY plan herken nie, maar God is besig om die dekor op te stel en ons voor te berei vir SY volmaakte plan en pad met ons lewens! Soos met Naomi, wat haarself Mara genoem

het, wat "bitter" beteken. Sy kon nie verder sien as haar stukkende drome nie, maar deur dit alles heen was God aan die werk en later is haar kleinseun, Obed, gebore. Obed (hy was later koning Dawid se oupa!) beteken 'n "seun is vir Naomi gebore." Nuwe hoop, nuwe vreugde!

Wanhoop word Hoop

Jesus het in Sy donkerste uur in gebed met smeking en tranen na Sy Vader gegaan. **Daarna was Hy van God verlate aan die kruis, sodat ons nooit meer van God verlate hoeft te wees nie!**

Na Sy donkerste uur het die dag gebreek en is die duisternis oorwin!

Hou vas aan Hom, hou aan bid, hou aan klop en soek. **Hy sá antwoord.** Laat Hom toe om wanhoop in hoop te laat oorgaan. Hy is jou beste Vriend en sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie!

Mag jy deur jou stukkende drome



en smekgebede, God se Stem hoor wat sê: "Wees dus sterk en hou goeie moed, julle almal wat julle vertroue in die Here stel." (Psalm 31:25).

En ook:

"Ek was in die rou, maar U het my van vreugde laat dans. U het my rouklere uitgetrek en vir my feesklere aangetrek!" (Psalm 30:12).

- Susan Foord
mawico@mweb.co.za

Die Vrou by die Put

Sy was alleen by die put daardie dag, Here. Die Samaritaanse vrou wat nêrens ingepas het nie. Die een wat met haar bondeltjie lewe op haar rug geloop het, terwyl die res van die dorpie agter hulle hande gefluister en gewys het. Die vrou wat van die een ongelukkige huwelik na die ander geval het. En terwyl sy so loop na die put toe, so op haar eie, het sy dalk gekyk na die mense om haar, gehoor hoe hulle fluister, en dalk stil by haarself gedink: "As julle maar geweet het wat regtig in my lewe aangaan, wat ek elke dag so stil in my hart met my saamdra..."

Sy het haar eie water gaan haal, daar by die put. Alleen. Sy het haar eie paadjie gestap. Haar eie loop geloop. En terwyl sy so alleen daar by die put water skep, het U stil by haar gaan sit en gevra vir water. En sy wou dadelik, so effe vermakerig, by U weet hoe iemand soos U dan by iemand soos sy water kan vra.

Die lewe het haar geleer om vinnig reg te wees met 'n antwoord, Here. Die lewe het haar geleer om eerste aan te val, en op daardie manier haarself te verdedig. Die lewe het haar geleer om haar masker nie vir 'n oomblik te laat sak nie. Ook nie toe U daar by haar gaan sit het nie.

En U, Here? U het verby U eie dors gekyk, en haar hart raakgesien. Haar hart wat stukkend en alleen daar eenkant by die put gesit het.

Haar hart wat geweet het van aanval en baklei en verdedig en keer. Haar hart wat dalk al soveel keer stukkend getrap en verniel is. En U het U eie hand stil na haar uitgesteek en sag vir haar gesê: "Ek het vir jou water wat alles beter maak... water wat nooit opraak nie." En toe sy U begin vertel van haar lewe, het U haar storie vir haar klaargemaak. So al asof U haar die verleentheid wou spaar om te vertel hoe kom almal haar wegstoet en eenkant hou. En terwyl sy nog wou praat, het U haar stilgemaak en gesê U weet... U weet van elke huwelik, elke man wat in haar lewe was. En ook die een met wie sy saamleef.

"Ek weet," het U gesê. En met daardie 'Ek weet', het U vinger sag op elke stukkie verwerping gesit, elke stilstuipe van elke huwelik, haar drome wat eenkant gegooi is... drome van saam oudword met 'n man vir wie sy lief is, dalk drome van kinders hê... haar behoeft om liefgehê te word vir wie sy is, en nie vir wat sy kan gee nie. U het geweet van elke stukkie alleen en seer wat in elkeen van haar huwelike gaan wegkruip het.

En U het sag U hand daarop gesit en vir haar gesê dat U dit beter kan maak. Dat U dit beter wil maak. Sonder om haar meer verleë en skaam en verskrik te maak.

So baie dae, Here, vlug ek ook uit die malle gejaag van stemme wat praat en fluister, en hande wat besig is, na die alleenwees van my eie put. Daar waar ek my eie water probeer skep. My eie wonder beter probeer maak. Daar waar niemand weet nie en waar niemand vra nie.

Het elke vrou nie maar haar eie put waar sy probeer water skep nie, Here? Daar waar sy probeer om dinge weer beter te maak en heel te maak. Dalk het sy nie nodig om die stukkend van 'n huwelik beter te maak nie, maar dalk die alleenwees na die dood van 'n hart se mens, die sukkel om weer mens te word na trauma, die verlange na 'n lewe wat was...

Elke vrou loop met haar eie klompie vroe en verwyt,



Here. Elke vrou het haar eie put waar sy probeer water skep en dinge beter maak. Elke vrou loop met haar eie masker, 'n masker waamee sy so dikwels die lewe se fluister ongeërg van haar lyf afskud.

Dankie dat U nooit verby 'n Put stap nie. Dankie dat U stil by elke vrou se hart gaan sit, daar waar sy alleen baklei en regop probeer bly. Dankie dat U U hande om haar hart vou, en sag vir haar sê: "Ek weet..."

Dankie dat U nie omdraai en wegstap nie. Dankie, Here, dat U 'n bodemlose put vol liefde by haar voete neersit. Dankie dat U met soveel omgee en troos belowe dat U haar sal toevou met U liefde wat lewe gee. U liefde wat veilig vashou. U liefde wat nie wegskram van maskers en baklei nie. Dankie dat U liefde sag om elke vrou vou, daar waar sy alleen by haar eie put sit. Dankie dat U liefde nie weggaan nie, of opraak nie.

Dankie dat ek nie meer nodig het om by my eie Put te gaan water skep, en heelword, en beter word nie. Dankie dat ek sommer reguit in U arms kan inhardloop! Want by U is daar nie verwyle en vrael nie. By U is daar liefde... liefde wat lewe gee. Altijd. Amen.

(Katrienkie@2022)

'n Pot Vol Lewe...

Dit is 'n lieflike somersoggend. Ek draf vinnig by die kwekery in om 'n kliënt se vetplantbestelling op te laai. Die pragtige, groen spekboompies trek my aandag en ek fluit vir Hans om 'n ekstra een te laai vir my eie tuintjie. Later die middag is my spekboompie egter iets van die verlede.

Een van die werkers het die kan diesel agter op die trokkie oopgelos en die diesel het bo-oor die spekboompie gespat. Sy blaartjies het reeds begin verkleur en die grond is papnat van die diesel. Vies, sommer baie vies, sit ek die vernielde spekboompie agter die Wendy-huis waar ek hom later sal weggooi.

Dis twee weke later. Ek soek na die blou gieter, en loer agter die Wendy-huis in. My mond val oop.

'n Klein stukkie van die dooie, diesel-deurdrenkte spekboompie het oorleef! Ek tel die potjie op en kyk na die natuurwonder.

Net een takkie van die spekboompie het grasgroen gebly en is besig om nuwe blaartjies te stoot. Ek vat onmiddellik die snoeiskêr, knip die gesonde takkie af, maak 'n pot vol kompos, gooi 'n ekstra erdwurm in vir geluk en plant die takkie. As hierdie plantjie so graag wil leef, verdien sy ekstra liefde en aandag.

Sommer so op my knieë, voor die blompotjie dink ek aan al my vriendinne, en vroue wat my lewe omring. Baie van ons oorleef ten spyte van die diesel wat soms op ons gemors word. Ons klou vas, hou uit, stoot selfs nuwe blare in doodgaantye. Al is die grond waar ons geplant is, dood en sonder

enige waarde, bly ons groen en lewendig, net soos hierdie spekboompie.

My gebed vir jou vandag is dat jy met jou oë op God gerig, sal vasbyt. Jouself sal omvou in Sy liefde. Sal aanhou dankbaar wees


vir die son wat oor goed en sleg skyn. Nooit sal ophou bid en droom van 'n uitplantdag in beter grond nie. Ek weet God beplan vir elkeen van ons 'n pot met vrugbare grond en 'n ekstra erdwurm net vir die liefde!

- Oorgeneem

Life is an amazing mixture of victory and defeat, success and failure, joy and pain, peace and battles, happiness and brokenness. But life in JESUS assures the ultimate victory over everything.

The Divine Shepherd seeks daily to lead His sheep to the "still waters" of His Word, and how sad it is that so many Christians prefer to drink from the polluted pools of the world.

O Father God, help me come to the quiet times with quiet expectancy - expectancy that here my weakness shall become strength, my doubt become faith, my fears become courage and my sin become redemption.





KLOPPERS IS DOOD ...

HY HET SONDER DIE HERE GESTERWE

Hulle het my gevra om hom te begrawe...

Kloppers was 'n groot, sterk, joviale man met 'n glimlag van onbesorgdheid. Alles het hy verower - sy plaas was 'n lushof, sy vriendekring was gek na hom, en sy beurs was goed gevul. "Nierkwaal," het die dokter gesê. Hy het nog steeds grappies gemaak oor die skyfskiet-kompetisie wat nie sonder hom sou klaarkom nie. Dit het ernstiger geword. Die beste spesialiste het koppe bymekaar gesit.

Ek het met hom gaan praat oor die Here... maar sy bulderende stem het my van die bed weggejaag. Hulle het my gevra om hom te begrawe...

Die hemel was baie blou dié dag, maar die grond was swart en koud. Die gat het spits na benede geloop en die wande was klam. Die familie - ses moderne mense met hangskouers - het dom gesnik.

Ek het hom begrawe - Kloppers is dood - vir ewig dood in die hel waar die worm nie sterwe nie. Die opsigter van die grafvlakte het gesê dit is al laat... Die arbeiders het nader gestaan met die skopgrawe, en die blou lug het hard en ongenaakbaar gelyk terwyl 'n vlieswolkie die son wegsteek.

Toe ons teen die gruisbultjie huis toe stap, was Kloppers se grafhopie al sigbaar in die skemering. Daar was niks meer te sê nie - Kloppers is dood. Dominee.

- QUO VADIS? EVANGELIASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEerde KERKE IN SUID-AFRIKA, NR. 10.

WEES NET JOUSELF

"Opregte mense vermy die kwaad op hulle lewensweg; wie nougeset lewe, hou homself in die lewe" (Spreuke 16:17 NV).

Opregtheid is die eienskap van 'n ware Christendissipel. Daarom: Wees wat jy voorgee om te wees! Leef volgens jou geloofs-belydenis.

■ Wees nougeset oreg in die klein dingetjies van die lewe, want hulle is dikwels die voor-spel tot groot dinge. Onopregtheid in jou jeug, sal jou as vol-wassene onbetroubaar bewys: 'n huigelaar in die samelewning; 'n skynheilige in die kerk; 'n bedrieëer in die sakewêreld. Klein

onopregthede groei vinnig en welig soos die ergste soort onkruid. Daarom moet jy, soos in 'n tyd van geweld, wagstaan oor jou oregtheid.

■ Onopregtheid is 'n plant wat tierend en weelderig groei en later onstuitbaar word. Die onopregte is gedurig in 'n toestand van onsekerheid en verwarring oor homself omdat hy die standhoudende ankers in sy lewe prysgegee het. As jou gewete nie sensitief en jou ver-houding met die Meester nie intiem is nie, sal jy nooit die moed hê om die kettings van onopregtheid en huigelary van jou af te goo nie.

■ Bedrog kan by jou tweede natuur word. Jy raak van waarheid vervreem, innerlik vals, en verslaaf aan selfbedrog. So verloor 'n onopregte mens sy selfrespek stuk vir stuk. Dis 'n pad van selfvernietiging en al het jy maar net 'n klein entjie op dié pad gevorder, beroep jou op die genade en genesende krag van Jesus Christus.

■ Oregtheid is die fondament van 'n standvastige karakter. Elke ander deug word geneutraliseer deur 'n gebrek aan oregtheid; elke gawe van God word nutteloos. Oregtheid is onontbeerlik vir elke verhouding in ons lewe: tussen man en

vrou in die huwelik; tussen ouers en kinders in die gesin; tussen werkgewers en werk-nemers; leraar en die gemeente; die mens en sy God!

Deur oregtheid word die geluk van alle mense bevorder en die Koninkryk van God gebou.

Heilige Vader, U ken my hart en weet of ek werklik oreg voor U wandel. Laat my deur die leiding van die Heilige Gees alle onopregtheid aflê en oregtheid nastreef.

[Met GOD op pad! Solly Ozro-vech en ander skrywers, CUM, 1994].

WARE VERHALE

'n Jeuggroep in 'n sekere stad het een dag gesit en praat oor wie in hulle skool die onwaarskynlikste jongmense is om ooit tot bekering te kom. Hulle het 'n top-tien-lys gemaak.

Een van die jeuggroep stel toe voor dat hulle vir hierdie 10 sal begin bid. Na drie maande het hulle hierdie 10 jongmense na 'n jeugkamp toe genooi. Nege van hulle het teen alle verwagting gekom. Agt het daardie naweek Jesus as Verlosser gevind en die negende een het 'n maand later 'n oorgawe gemaak!

George Müller het as 'n jongman vir vyf van sy vriende se redding begin bid. Na 6 jaar het die eerste een tot bekering gekom, 'n tweede na 11 jaar, en die derde een na 26 jaar. Die vierde een het na 50 jaar 'n oorgawe gemaak en die laaste een het by George Müller se begrafnis, na 52 jaar se gebed, 'n oorgawe gemaak! Nadat hy vir 38 jaar gebed het, het iemand vir hom gevra of hy glo God sal daardie twee manne nog red as hulle na 38 jaar se gebed nog nie tot bekering gekom het nie. Müller het geantwoord, terwyl dit lyk asof daar vuur uit sy oë flits: "Dink jy God sou my vir 38 jaar vir hierdie twee manne laat bid as Hy hulle

nie wou red nie?"

'n Gemeente in 'n sekere stad het agtergekom dat daar vir 'n paar jaar na mekaar geen nuwe bekeerlinge by die gemeente bygevoeg is nie. Hulle het 'n gebedskaart ontwerp en dit aan die begin van die volgende jaar vir alle lidmate uitgedeel om in te vul. Elke lidmaat het vir ses of sewe ongeredde mense begin bid en deur gesprek en getuenis na hulle begin uitreik.

By 'n spesiale erediens is die duplikaatstrokies ingeneem, in 'n groot bak voor in die kerk geplaas, en die leraar en gemeenteleiers het daaroor gebed. Vir die res van die jaar het elke lidmaat vir die ses of sewe name op sy gebedskaart gebid en weekliks het die leiers oor die bak vol kaarte gebid. Wanneer iemand tot bekering gekom het, is daar die daaropvolgende Sondag 'n rooi roos voor in die kerk neergesit. Die aantal bekeerlinge het so toegeneem dat hulle uiteindelik een roos vir elke 50 persone moes neersit. Tans volg hulle hele denominasie hulle voorbeeld. (NUPSA-pamflet, 2000).

Wil u nie ook begin om daagliks vir die redding van u vriende en kollegas te bid nie?

ETERNAL LIFE

It costs you nothing

"For the wages which sin pays is death, but the [bountiful] FREE GIFT of God is eternal life through (in union with) Jesus Christ our Lord" (Romans 6:23 Amplified Bible).

In fact, you can not buy it

"WAIT and listen, everyone who is thirsty! Come to the waters; and he who has no money, come, buy and eat! Yes, come, buy [priceless, spiritual] wine and milk without money and WITHOUT PRICE" (Isaiah 55:1 Amplified Bible).

Neither can you work for it

"For it is by FREE GRACE (God's unmerited favour) that you are saved (delivered from judgment and made partakers of Christ's salvation) through [your] faith. And this [salvation] is not of yourselves [of your own doing, it came not through your own striving], but it is the GIFT OF GOD; NOT BECAUSE OF WORKS [not the fulfilment of the Law's demands], lest any man should boast.

[It is not the result of what anyone can possibly do, so no one can pride himself in it or take glory to himself.]" (Ephesians 2:8,9 Amplified Bible).

You cannot afford to be without it

"For what does it profit a man to gain the whole world, and forfeit his life [in the eternal kingdom of God]? For what can a man give as an exchange (a compensation, a ransom, in return) for his [blessed] life [in the eternal kingdom of God]?" (Mark 8:36-37 Amplified Bible).

We can have certainty about possessing it

"I write this to you who believe in (adhere to, trust in, and rely on) the Name of the Son of God... so that you may KNOW [with settled and absolute knowledge] that you [already] have life, yes, eternal life" (1 John 5:13 Amplified Bible).

Maak My Nederig, Heer...

... want hoe kleiner ek is, hoe méér plek is daar vir U in my... En hoe voller ek van U is, hoe méér kan my bekertjie oorloop om die dors van ander sielsbeswaardes in hierdie seekry-lewe te les.

Mag ek vandag vir iemand 'n lafenis wees!

Purpose, Calling, and Assignment

PURPOSE: the “why” behind our lives; the reason we were created; the original intent for our lives.

As children of God, our purpose on the earth is to bear the **image** of Jesus. We are new creations in Christ and, therefore, have the nature of God, which is love. We are continually being renewed into the likeness of God. The Bible says that the greatest commandment is to **LOVE!**

In addition, we were created to **shine**. To shine is to live a life of **FAITH** - being fully convinced in our hearts of the Truth (Jesus, the Word of God, the promises of God, and Heaven). This entails always keeping the perspective of Heaven and living from Heaven's reality. Everywhere we go, we invite Heaven to shine through us. We exist in this world, but we are not OF the world. We are called to be light in the darkness, never dimming the light within us.

We also exist to **glorify** God. He called us out of the darkness to experience His light so that we would broadcast His glorious wonders throughout the world. We must do good for others, living our lives for others' benefit even if it's at our own expense.

How do we remain in our purpose? We continually **surrender** our lives, agendas, and desires to God. We come boldly to the Father and crucify our flesh daily, taking on our new nature, created to be like God - truly righteous and holy.

- Do you feel that you bear the image of Jesus in your daily life?
- Does your life look different from those around you, or do you tend to follow the patterns of the world?
- Do you tend to live for others' benefits or your own?

“...and have put on the new self, which is being renewed in knowledge after the **image** of its Creator”(Col. 3:10).

“You are the light of the world. A city set on a hill cannot be hidden. Nor do people light a lamp and put it under a basket, but on a stand, and it gives **light** to all in the house”(Matt. 5:14-15).

“But you are a chosen race, a royal priesthood, a holy nation, a people for His own possession, that you may **proclaim** the excellencies of Him who called you out of darkness into His marvellous light”(1 Pet. 2:9).

“and to put on the new self, created after the **likeness** of God in true righteousness and holiness”(Eph. 4:24).

CALLING: “how” we do it; the tools to walk out our assignment

on Earth.

Our calling is the **gifts** God has freely given us. Our **talents**, abilities, health, intelligence, and family are all gifts given to us for the benefit of others. It is our responsibility to **steward** over our gifts, work hard to develop them, and offer them as gifts back to God.

But our gifts aren't intended to become our identity or a way to draw attention to ourselves. Our worth and identity come from Christ's sacrifice on the cross and the blood that He shed for us. Our **gifts** are simply to benefit others and to be used as a reflection of His love. They are another reflection of God's goodness working through our lives.

I encourage you to pray and ask the Lord what your spiritual gifts are and how He wants you to **steward** them.

- What are your spiritual gifts?
- How do you glorify God through your gifts?
- Do you steward over your gifts in a way that benefits others?

“Having **gifts** that differ according to the grace given to us, let us use them: if prophecy, in proportion to our faith; if service, in our serving; the one who teaches, in his teaching; the one who exhorts, in his exhortation; the one who contributes, in generosity; the one who leads, with zeal; the one who does acts of mercy, with cheerfulness”(Rom. 12:6-8).

“And He **gave** the apostles, the prophets, the evangelists, the shepherds and teachers, to equip the saints for the work of ministry, for building up the Body of Christ”(Eph. 4:11-12).

ASSIGNMENT: the “what” we do; a specified task or amount of work assigned by or undertaken for God for the benefit of others; the vehicle by which we carry out our purpose and calling.

The assignment we have on our

lives is the privilege we have to be an expression of God's goodness for the benefit of others. Our **assignment** utilizes our **PURPOSE** (to bear His image and shine) and our **CALLING** (the gifts in our life) for the benefit of others.

Our assignments continually change and become bigger as we are faithful in offering our lives to others. Our lives are set up to meet the needs of others and to be their reward.

God is not a replicator or a duplicator; He is the Creator! He **created each of us as an original for a specific time, place, and person**. We are not everyone's solution or answer. Some do not need our gifts and talents, and that is okay. God has somebody else specifically suited for them.

As we cultivate our relationship with God, we begin to take on the heart of God for others and gain clarity on the assignments He has given us. Each assignment bears the fruit of His nature and releases the reward of His Kingdom to others.

Ask the Lord to give you revelation, vision, and clarity on the specific time, place, and person He is calling you to.

- What is the specific time, place, and person God is calling you to?
- Is there something that you feel God is calling you to step into, but you're afraid of what it might entail?

“For everything there is a **season**, and a time for every matter under heaven: time to be born, and a time to die; a time to plant, and a time to pluck up what is planted; a time to kill, and a time to heal; a time to break down, and a time to build up; time to weep, and a time to laugh; a time to mourn, and a time to dance; time to cast away stones, and a time to gather stones together; a time to embrace, and a time to refrain from embracing; time to seek, and

a time to lose; a time to keep, and a time to cast away; time to tear, and a time to sew; a time to keep silence, and a time to speak; time to love, and a time to hate; a time for war, and a time for peace”(Eccl. 3:1-8).

“For it is written in the Law of Moses, “You shall not muzzle an ox when it treads out the grain.” Is it for oxen that God is concerned? Does He not certainly speak for our sake? It was written for our sake, because the plowman should plow in hope and the thresher thresh in hope of sharing in the crop. If we have sown spiritual things among you, is it too much if we reap material things from you? If others share this rightful claim on you, do not we even more? Nevertheless, we have not made use of this right, but we endure anything rather than put an obstacle in the way of the Gospel of Christ. Do you not know that those who are employed in the temple service get their food from the temple, and those who serve at the altar share in the sacrificial offerings? In the same way, the Lord commanded that those who proclaim the Gospel should get their living by the Gospel. But I have made no use of any of these rights, nor am I writing these things to secure any such provision. For I would rather die than have anyone deprive me of my ground for boasting. For if I preach the Gospel, that gives me no ground for boasting. For necessity is laid upon me. Woe to me if I do not preach the gospel! For if I do this of my own will, I have a reward, but if not of my own will, I am still entrusted with a **stewardship**. What then is my reward? That in my preaching I may present the Gospel free of charge, so as not to make full use of my right in the Gospel. For though I am free from all, I have made myself a servant to all, that I might win more of them... I do it all for the sake of the Gospel, that I may share with them in its blessings”(1 Cor. 9:9-19,23).

www.matthew10.com

When Someone Is Needier Than You

In a leper colony clothes arrived for distribution among these outcasts of life.

One little leper boy was asked what he needed most. He replied, “My hands are still good so I can mend my own clothes, but there are some lepers who have no fingers, and some whose hands are so crippled or sore that they cannot use them.

When their clothes get holes in

them, they cannot mend them but must see the holes get bigger and bigger.

I am thankful for my good hands, so please give the clothes to those who cannot mend their own. They are more needy than I.”

How we need such unselfishness! We should never complain when we know that there are others who are needier than we are!

(www.e-sword.net)



<http://www.queeky.com>

Liefde en Geduld in Aksie

Die volgende verhaal dateer uit die dae toe Oliver Cromwell aan bewind was in Engeland. 'n Jong soldaat is deur 'n militêre hof skuldig bevind aan 'n ernstige oortreding en ter dood veroordeel. Hy sou tereggestel word met die eerste gelui van die klok wat die aand-klokreël sou aankondig.

Sy verloofde het 'n aantal ure voordat die aandklokreël in werking sou tree, in die kloktoring opgeklim en haarself aan die groot klepel vasgemaak. Toe die tyd aangebreek het dat die klok moes lui, is net gedempte geluide gehoor.

Cromwell wou weet waarom die klok nie lui nie. Hy het soldate gestuur om ondersoek in te stel. Hulle het die jongdame gevind - gekneus en bebloed soos sy haar teen die klokwande beser het met die gebengel van die klok.

Cromwell was so beïndruk deur haar opofferende liefde en gewiligeheid om te ly vir die persoon wat sy liefhet, dat hy die soldaat vrygespreek het deur te beveel dat die klok daardie aand nie sou lui nie.

John Wesley was geseënd met 'n baie liefdevolle en geduldige moeder, Susanna. By geleentheid het Wesley se vader opgemerk: "Ek verbaas my vir jou geduld! Dis die twintigste keer dat jy daardie kind oor dieselfde saak aanspreek!" Waarop Susan-

na Wesley met liefde na die kind gekyk en geantwoord het: "Sou ek net negentien keer gepraat het, sou al my opvoedingsarbeid verlore gewees het."

In 'n biografie oor die welbekende sendeling na Birma (Myanmar), Adoniram Judson, lees ons hoe dat hy geweldige ontberings moes deurmaak. Hy is in Indië vir 'n tydperk van sewentien maande in 'n tronk gevange gehou waar hy onuitspreeklike, onmenslike lyding moes deurgaan. As gevolg van sy marteling, het hy baie lelige littekens oorgehou wat vir die res van sy lewe sigbaar sou wees.

Na sy vrylating het hy toestemming gevra om na 'n ander provinsie te gaan waar hy kon voortgaan met die verkondiging van die Evangelie.

Die goddelose leier het sy versoek verontwaardig geweier: "My volgelinge sal nie luister na wat 'n sendeling te sê het nie, maar ek is bevrees dat hulle so beïndruk mag wees met jou littekens van geduld dat hulle jou godsdiens salaanvaar."

In die klassieke werk, *Les Misérables*, vertel Victor Hugo die verhaal van Jean Valjean. Die enigste misdaad wat hy ooit gepleeg het, was om 'n enkele brood te steel om sy suster se uitgehongerde kinders mee te voed. Nadat hy negentien jaar in

die tronk hiervoor geboet het, is hy vrygelaat. Hy het werk gesoek, maar kon nêrens iets kry nie as gevolg van sy kriminele rekord. Uiteindelik het hy by 'n bejaarde biskop iets se ete en 'n slaapplek vir die nag ontvang.

Gedurende die aandete, het Valjean uit pragtige silwer borde geéet. Hy was verstom dat hy, as oudenvangene, uit sulke elegante borde kon eet. Terwyl hy op die bed gelê het, het hy aan die eetgerei se groot waarde gedink. Die volgendeoggend het hy vroeër as die res van die huishouding opgestaan, toegegee aan die versoeking en die silwer borde gesteek.

Hy is egter spoedig deur die polisie gevang en na die biskop se huis geneem. Hier het hulle aan die biskop gesê dat Jean sy borde gesteek het. Die vriendelike biskop het egter gesê dat dit 'n geskenk van hom was en bygevoeg dat Jean vergeet het om die kandelare ook saam te neem. Hy het toe later aan Jean gesê, "Hiermee koop ek jou siel vir God!"

Jean Valjean was so diep geroerd deur die biskop se woorde en liefdesdaad dat hy op die daad 'n Christen geword het. Hierdie vriendelike daad van liefde en welwillendheid het 'n totale ommekeer in sy lewe teweeggebring!

Diep ontroer het kaptein Shaw van die Heilsleer na die drie mans voor hom gekyk. Shaw was 'n mediese sendeling wat pas in Indië aangekom het om beheer oor te neem van 'n kolonie melaatses.

Hierdie mans het voet- en handboeie omgehad waarvan die kettings diep in hul besmette vlees ingesny het.

Kaptein Shaw het die wag gevra om die boeie te ontsluit, waarop hy geantwoord het dat dit nie veilig en raadsaam sou wees nie, aangesien hierdie mans nie net melaats was nie, maar ook misdadigers.

Kaptein Shaw het volle verantwoordelikheid geneem en bygevoeg dat hulle reeds genoeg lig as gevolg van hul melaatsheid. Hy het die boeie afgehaal en hul bloeiende enkels en gewrigte behandel.

Twee weke later het Kaptein Shaw gewonder of hy tog die regte besluit geneem het om die misdadigers vry te laat. Hy moes 'n rit onderneem wat sou meebring dat hy daardie betrokke nag nie by sy eie huis sou kon slaap nie. Sy vrou en kind sou dus alleen daar wees. Sy vrou het egter daarop aangedring dat hy gaan, aangesien sy nie bang was nie - God was mos daar!

Die volgendeoggend toe sy by haar voordeur kom, was sy baie verbaas om te ontdek dat die drie melaatse mans op die stoeptrappies gelê het. Sy het gevra wat hulle daar maak.

Een van die melaatse mans het geantwoord dat hulle geweet het die dokter was weg. "Ons het die hele nag hier gebly om toe te sien dat daar geen gevaar vir u is nie."

Dis hoe hierdie gevarelike kriminele melaatse gereageer het op die dokter se liefdevolle, vriendelike en simpatieke behandeling.

[Uittreksels uit Geen Groter Liefde, Robert Strand, VG Uitgewers, 1996].

"Groot liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee" (Joh. 15:13).

Your works and wonders
are so precious -
so awesome
O, LORD!

They outnumber
the grains of sand
in all the earth...

Never will I be able
to count them -
they are too manifold...

And never will I be able
to thank You enough
for your faithfulness,
loving-kindness and grace
that abounds to me
day by day...

© Huegene Venter

HE MEETS US IN OUR MESS

For the one who is waiting
for perfection before you say "yes",
know that God already loves you,
and that He meets us in our mess.

For the one who made a mistake,
whose guilt won't let you rest,
know that God is forgiving,
and that He meets us in our mess.

For the one who is faithful,
but still wrestles with your flesh,
know that God is with you,
and that He meets us in our mess.

For the one who is heavy-burdened,
who is breaking under stress,
know that God gives refuge,
and that He meets us in our mess.

For the one who is struggling,
who is being put to the test,
know that God will guide you,
and that He meets us in our mess.

For the one who is forgiven,
and embraces the Father's rest,
know that God has called you,
and that He has called you "blessed".

- Haley Littlepage